


# DRIE BOERE SPEEL BRAHMS

## BRAHMS: DUBBEL KONSERT & 4DE SIMFONIE



GÉRARD KORSTEN

DIRIGENT: Gérard Korsten  
Piet Koomhof (viool)  
Human Coetzee (tjello)

Drie uitnemende Suid-Afrikanners gaan 'n geheel en al Brahms uitvoering gee wat uitsluitlik uit Brahms se werke bestaan.

Brahms se Dubbel Konsert is 'n werk wat baie gewild is as gevolg van die feit dat dit die seldsame kombinasie van twee soloinstrumente, naamlik 'n tjello en viool bevat. Human Coetzee en Piet Koomhof, albei tans verbonde aan die Potchefstroomse Musiekkakuleit, is die soliste.

Konsertgangers wat teleurgestel was omdat hulle Gérard Korsten se uitvoering vroeg vanjaar misgeloop het (hy moes vervang word aange-

sien hy breinvliesontsteking opgedoen het) sal nou die geleentheid kry om sy uitnemende vakmanskap waar te neem. Hy reis spesiaal vanuit Uppsala, Swede, waar hy reeds die pos as Artistieke Direkteur van dié stad se kamerorkes opgeneem het.

Brahms, die klassieke Romantikus, bied sy gehoor altyd pragtige melodieuze temas en 'n singende kwaliteit. Die Vierde Simfonie is 'n pragtige voorbeeld van melankoliese erns, amper epies in karakter, maar eindig op 'n volgehoue gelukkige toon gerig op 'n massiewe effek.

**Vry 23 Junie – 20:00,  
Old Mutual Saal, UNISA  
Son 25 Junie – 15:30,  
Linder Auditorium, JHB**

TRUK Info 5/6/7/95 13